Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

21 JULIE 2019

# GEMEENTEBULLETIN

## EREDIENSTE

| | | | 21 Julie | | 28 Julie | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 09:00 | Kerk | Oggenddiens | Ds. Visagie | 1 | Ds. Breytenbach | 2 |
| 09:00 | Kleinsaal | Gesinsdiens | Ds. Potgieter | 7 | Ds. Visagie | 8 |
| 09:00 | Kapel | Meditatief | Ds. Dietmann | - | Ds. Dietmann | - |
| 18:00 | Kerk | Jeugdiens | Ds. Ackerman | - | Ds. Breytenbach | - |
| 18:00 | Kleinsaal | Aanddiens | Ds. Visagie | 12 | Mike v. Deventer | 13 |

## KONINKRYKSTYD-PROGRAM

Die kwartaaltema: Ons leef in God se KONINKRYK, word deur die volgende program ondersteun:

**Eredienste:** Dienste sal elke Sondag op 'n spesifieke tema van God se koninkryk fokus.

**Bybelstudiegeleentheid Sondae 18:00 in die kleinsaal:** Bybelstudiegeleenthede word die kwartaal in plek van die tradisionele aanddiens aangebied. Die lokaal en tyd van die diens verskuif vanaf die kapel na die kleinsaal en vanaf 19:00 na 18:00.

**Weeklikse gespreksgeleentheid:** In aansluiting by die tema van die eredienste word lidmate uitgenooi na 'n aanbieding deur 'n kundige spreker die daaropvolgende week. Meer inliting hieroor op die agterblad.

**Gebed**: Die Asemskep-gebedsgroep, Dinsdae om 18:30 in die kapel en die Mannebiduur op Donderdae om 06:00 in die kafeteria, sal ook fokus op die geleenthede en uitdagings wat gelowiges in God se koninkryk gebied word.

Besoek www.stellenberg.co.za vir die volledige program.

KWARTAALTEMA

Ons leef in God se KONINKRYK.

OGGENDDIENS en GESINSDIENS

God gee meer om as wat ons dink.

Jona 4:10-11

AANDDIENS

Bybelstudie

Jona 4:10-11

JEUGDIENS

*Couch tuner*

DEURKOLLEKTE

Noot-vir-Noodfonds

Die fonds word gebruik om volgens leraars se diskresie mense in nood finansieel te ondersteun.

## JEUGDAGBOEK

- JUNIOR KLEINGROEPE: Kleingroepe begin om 10:00 na afloop van die eredienste.
- JEUGDIENS 18:00 tot 18:50. Kwartaaltema: *Couch tuner*
- SENIOR KLEINGROEPE: Na die jeugdiens, 19:00 tot 19:30
- BLISS: Vir studente en werkende jongmense. Sluit by ons aan op Sondae vanaf 16:15 tot 17:30 en Woensdagaande om 18:30. Nuwe lede is welkom. Kontak die jeugkantoor met navrae.
- RELEVANT: Dis vir jong volwassenes. Ons luister 15 min. lank na 'n aanbieding en gesels dan saam oor die onderwerp. Wyn en bier word ook bedien. Woensdagaande 19:00 in die jeug-lokaal.

## AANDDIENS IS NOU 18:00 IN KLEINSAAL

Die tyd en lokaal van die aanddiens verskuif na 18:00 in die kleinsaal. Met die veranderinge gaan ons ook die formaat en die bedieningstyl van die erediens vernuwe.

## LEES DIE BULLETIN OP JOU SELFOON

Indien jy graag die Bulletin weekliks en die Samaritaan maandeliks op jou selfoon wil lees, *WhatsApp* asseblief jou naam en selfoon-nommer na Sanèl by 083 611 4720. Geen groepbesprekings/ gemorspos word gestuur nie.

## VATVYF-BYEENKOMS

VatVyf-byeenkoms op 7 Aug. om 10:00 in die kleinsaal. Kom luister na Mariette Opperman wat in 2018 die volle Camino-roete saam met haar man, Chris, gestap het. Sy kom gesels oor "Die lewe as 'n reis en nie 'n bestemming nie – wat die Camino my geleer het". Ons geniet vooraf 'n koppie tee en 'n toebroodjie. Almal welkom, geen besprekings is nodig nie.

## HUWELIKSKURSUS

NG Kerk Durbanville bied 'n huwelikskursus aan op Woensdagaande vanaf 7 Augustus tot 4 September. Bespreek jou plek (gratis) by ontvangs@durbanvillegemeente.co.za.

### KATEGESE KLEINGROEPE

Graad 1: Kleinsaal

Graad 2 en 3: Grootsaal

Graad 4: Bovertrek

Graad 5 en 6: Kerk

Graad 7: Jeuglokaal

Graad 8: Markplein

Graad 9: Bovertrek

Graad 10: Grootsaal

Graad 11: Kleinsaal

### GEBEDSGROEPE

Die volgende gebedsgroepe kom week-liks bymekaar. Skakel gerus in soos dit jou pas.

- Vrouegebedsgroep Maandagoggende om 09:15 in die kapel.
- Asemskep-gebedsgroep Dinsdagaande om 18:30 in die kapel.
- Mannegebedsgroep Donderdagoggende om 06:00 in die kafeteria.

## VROUE-WEGBREEK

Vroue-wegbreek vanaf 9 tot 11 Augustus by !Khwa Ttu, naby Yzerfontein. Koste: R550 per persoon. Besprekings en betalings by die kerkkantoor, karin@stellenberg.co.za/021 976 4519. Daar is nog ag plekke beskikbaar. Bespreek so gou moontlik.

## GEMEENTEKAMP

Die gewilde gemeentekamp sal weer vanaf 29 Nov. tot 1 Des. by die *Guano Cave Resort,* Montagu, aangebied word. Bespreek jou staanplek by die kampeerterrein en dui asseblief aan dat jy deel van Stellenberg-gemeente se blokbespreking is. Kontakbesonderhede: 084 553 4187 of www. montaguguanocave.co.za. Inligting rakende kampeertariewe asook ander akkommodasie is op die webwerf uiteengesit.

## VERNUWING VAN LITURGIESE RUIMTE

Die kerkraad het besluit om die liturgiese ruimte (die area voor en rondom die preekstoel) meer prakties en veeldoelig in te rig. Verskeie argitekontwerpe is oorweeg. Vir kostebesparing behartig die gemeente se nutsman, 'n ervare skrynwerker, die meeste van die werk self onder toesig van die argitek en 'n bouer. Die projek word in fases aangepak, waarvan die eerste is om die klankkaste op die rand van die liturgiese ruimte te verwyder, die klankkabels te herlei en om die kansel te verwyder.

## RETRAITE VIR MANNE 30 AUG - 1 SEPT

**Wortelgat 30 Aug. tot 1 Sept.:** Die datum vir die retraite is verskuif, omdat die aanvanklike datum in Mei met Moedersdag gebots het. Bespreek by Lindy: lindy@stellenberg.co.za. Navrae: Retief Ueckerman 082 498 3448, of Callie Visagie 072 385 4368.

## RUYTERWACHT SENIOR SENTRUM

Ruyterwacht Senior Sentrum benodig vrywilligers wat op Maandagoggende kan help met die aanry van groente vanaf 'n plaas buite Stellenbosch tot in Ruyterwacth. Kontak asb. vir Margaret Olivier by rwss@telkomsa.net/ 021 534 3090 indien jy kan help.

### EDELWEISS BYBELSTUDIE

Donderdag 25 Julie om 15:00 en 15:45

1 Petrus 3:1–22

Hoe jy jou as Christen moet gedra en waarom . . .

### HUISBYEENKOMS

Sondag 28 Julie om 18:00

### BREIGROEP

Ons ontmoet weer op Maandag 5 Augustus om 09:30 in die kafeteria. Bring jou brei- en hekelwerk saam. Nuwe lede is baie welkom.

### PREKE OP DIE WEB

Jy kan nou preke van die web aflaai (download) en hoef nie meer aanlyn daarna te luister nie. Besoek gerus www.stellenberg.co.za en gaan na: luister na preke.

## KWARTAALPROGRAM GESPREKSGELEENTHEDE

- **Dinsdag 23 Julie 19:00 kleinsaal**

Tema: Globale kwessies en uitdagings in samelewings en hoe dit die kerk en ons geloof raak.

Aanbieder: Dr. Dirk Brand, Skool van Publieke Leierskap aan die Universiteit van Stellenbosch. Geen besprekings nodig nie.

- **Dinsdag 30 Julie 19:00 kleinsaal**

Tema: Die realiteit en impak van vrees op jou lewe en hoe jy dit kan aanspreek.

Aanbieder: Dr. Deon Bruwer, pastorale sielkundige. Geen besprekings nodig nie.

- **Donderdag 8 Augustus 19:00 kleinsaal**

Tema: Die uitdaging en geleenthede van 'n kapitalistiese ekonomie.

Aanbieder: Prof. Stan du Plessis, Departement Ekonomie, Universiteit van Stellenbosch. Geen besprekings nodig nie.

## VAKATURE VIR 'N VERPLEEGKUNDIGE

Die dienste van 'n geregistreerde suster word benodig tydens die Feesmark vanaf 23 Oktober tot 9 November. Die geskikte kandidaat moet weeksdae vanaf 14:00 tot 19:00 op die Feesmarkperseel beskikbaar wees, asook Saterdae tussen 13:30 en 17:30. Stuur asb. jou CV na feesmark@stellenberg.co.za om vir die pos aansoek te doen. 'n Vergoedingspakket word aangebied.

## ONTVANG GEMEENTENUUS ELEKTRONIES

Indien jy die Gemeentebulletin (weekliks) en die Samaritaan en Stellenberger (maandeliks) wil ontvang, stuur asb. 'n e-pos na sanel@stellenberg.co.za sodat jou e-posadres op die verspreidingslys geplaas kan word.

### STELLENBERG ONDERSTEUNINGSENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Daar is kliniese sielkundiges, mediators, spraak- en arbeidsterapeute, asook 'n musiekterapeut beskikbaar.

Afsprake kan tussen 09:00 en 12:00 by 021 976 8029 gemaak word, of skakel die sentrumbestuurder Rudolph van Schoor by 082 854 4530.

### SNAPSCAN SKANDERINGSKODE